### *Wonderbaarlike aandete by IrhaEl. Elke meester het diensknegte*

**47** Teen hierdie tyd het ons alreeds by IrhaEl en Joram se huis aangekom waar, op dieselfde manier soos die vorige dag, alles gereedgemaak was vir die aandete, net by verre meer oorvloedig. Baie van die inwoners van Sigar wat saam na die berg was, begin om in die gang te groet, maar `n groot skare Jeugdiges, geklee in wit, tree tussenbeide en smeek hulle om vir aandete te bly.

[2] **Die owerpriester**, verslae oor die groot aantal Jeugdiges, en boonop vir hul minsaamheid, vriendelikheid en welwillendheid, kom onmiddellik na My toe en vra in groot nederigheid: “Maar Meester, wie is hierdie pragtige Jeugdiges? Nie een van hulle kan ouer as sestien jaar oud wees nie, **tog met elke woord en beweging openbaar hulle buitengewone lering**. Ag, vertel my waar hulle vandaan kom en aan watter skool hulle behoort! Watter pragtige gedaante en hoe goedversorg is hulle nie! Hoe uitermatig aangenaam en welgevallig is net die klank van hulle stemme nie vir die hart nie. Daarom Meester, sê tog vir my wie en vanwaar hierdie Jeugdiges is?”

[3] **Ek** spreek: “Het julle nie gehoor dat in die ou tyd gesê is: Hy wat `n meester is, het ook diensknegte en `n gevolg nie? Julle noem My Meester, en dit is daarom gepas dat Ek ook My diensknegte en gevolg moet hê! Die feit dat hulle hoogs ontwikkel is, openbaar dat hulle Meester `n baie wyse en liefdevolle Een moet wees. Die meesters van die wêreld is hard en liefdeloos en so is ook hulle diensknegte. Hierdie Meester egter, wie Meester in die hemele is, het nou na die aarde gekom, en die harde wêreldse meester van mense het ook sy diensknegte vanwaar hy kom. Dat die diensknegte `n ooreenkoms met Hom toon, is so omdat hulle nie net Sy diensknegte is nie, **maar ook kinders is van Sy Wysheid en Liefde.** Het julle My waarlik verstaan?”

[4] **Die owerpriester** sê: “Ja, waarlik Meester, in so verre iemand U mees onvergeetlike beeldspraak kan verstaan. Daar sal verseker baie vrae wees om hierdie ding duidelik te maak, maar ek sal dit daar laat en hoop dat daar nog genoeg geleentheid vandag daarvoor sal wees.”

[5] **Ek** sê: “O, inderdaad! Maar laat ons gaan aansit, aangesien alles gereed is!”

[6] **Die menigte met geloof het almal gaan eet, slegs die kleingelowiges het huistoe gegaan**, want hulle het al hierdie dinge as `n vangstrik beskou. Die rede hiervoor was dat hulle meestal **Galilese emigrante** was, onder hulle baie van Nasáret, wat My en My leerlinge geken het, vir wie hulle gereeld by die vismark gesien het. Hulle het ook vir die boorlinge van Samaria gesê: “Ons ken Hom en Sy leerlinge, Hy is `n skrynwerker van beroep en Sy leerlinge is vissermanne. Hy het skoolgegaan saam met die Esseners, wie goed onderrig is in allerhande geslepenheid, genesing en rare toorkrag. Hy het dit daar geleer en beoefen nou Sy welverdiende ambag om vir die Esseners `n groot gevolg op te bou en groot geld vir hulle daaruit te verdien. Daardie Jeugdiges is egter welopgevoede, Kaukasies-gekoopte meisies in vermomming, wat aan hierdie selfde Esseners behoort, en hulle sal die hoofvertoning wees! Maar ons sal nie so maklik gekul word nie, want ons weet dat daar geen gekskeerdery toegelaat sal word met die Elohey van Abraham, Isak en Jakob nie. Maar vir die Esseners, wat glo dat hulle voorvaders die wêreld geskep het, is dit maklik om die gek te skeer met dit wat hulle as nonbestaande beskou. **Solank ons egter in die Elohey van Abraham, Isak en Jakob glo**, het ons nie sulke Esseense bedrog nodig nie en as ons ooit ons geloof moet verloor, sal die Esseners met hulle oulike engele-seuns geen plaasvervangers vir ons wees nie, want hulle sal ons uiteindelik verander in Sadduseërs, wie in geen opstanding nog minder in die Ewige Lewe glo nie. Maar mag JaHWeH ons daarvan behoed!” **Met hierdie kommentaar keer hulle huiswaarts.**

[7] Ek en `n groot gedeelte bestaande **meestal uit Samaritane** neem plaas vir die ete en na `n goeie dag se werk neem ons dit rustig en laat die Engele ons bedien, want hier ook, het Ek **in die woestyn** gearbei, en dit staan geskrywe: “En toe Satan gedwing was om te vertrek, het Engele gekom en Hom bedien” [Matthéüs 4: 10-11; die vertaler] .

### *Glansryke belofte vir daadwerklike volgelinge*

**48** Maar slegs `n paar wat aan tafel was, was bewus daarvan dat ons bedien word deur Engele, met voedsel van die hemele. Hulle het in alle erns geglo dat ek sulke diensknegte as deel van My gevolg gehad het, en hulle in Klein-Asië gekoop het vir geld. Maar hulle kon nie hulle ongelooflike **opgewektheid, vriendelikheid en belesenheid** begryp nie, want sulke slawe het gewoonlik `n suur uitdrukking gehad en hul dienste slaafs soos masjiene uitgevoer, en daar kon gewoonlik geen gesprek omtrent hulle opvoeding of mensliewendheid gevoer word nie. In kort, die gaste was grootliks geamuseerd, en die owerpriester, wie gaandeweg agtergekom het dat die baie diensknegte bonatuurlike wesens was, het meer en

meer ongemaklik begin word, omdat hy skaam was vir die mense wat, alhoewel goedgemanierd, volgens sy mening te ongeërg omgegaan het met hierdie uitsonderlike diensknegte.

[2] Maar wat hom die meeste verleë gemaak het, was hulle, wat ten spyte van al die tekens van die wydoopgemaakte hemele, hulle ongelowig huistoe gehaas het. **Hy** praat met bewing: "My Meester en my Elohim! Wat sal sulke mense ooit laat bekeer as sulke tekens vrugteloos is?! As U, o Meester, Uself en die skare Engele van die geopende hemele nie in staat was om hierdie saadlyn te bekeer nie, wat gaan ek, arme deugniet met hulle doen? Sal hulle nie in my gesig spoeg as ek dit net sou waag om hulle van U te leer nie?"

[3] **Ek** spreek: "Het jy nie ook `n groot aantal gelowiges om jou nie? Maak hulle jou helpers en jou taak sal makliker wees. Want as `n man `n sekere gewig moet optel, maar nie sterk genoeg is nie, gebruik hy `n helper. As net een nie genoeg is nie, gebruik hy `n tweede en `n derde en word daardeur meester van die las. As die getal gelowiges ewe groot is, en hier inderdaad meer as die wat ongelowig is, dan word die werk maklik.

[4] Dit is baie anders in plekke waar daar net mooi geen gelowiges gevind kan word nie! Daar wend jy inderdaad ook `n poging aan, sodat niemand ooit die verskoning sal hê: Ek het nog nooit `n woord hiervan gehoor nie.

[5] As `n gelowige gevind word, bly jy by hom en openbaar die koninkryk van Elohim se Barmhartigheid aan hom. As daar egter nie een is wat die Woord wil aanvaar nie, gaan jy verder, **maar skud ook die stof van jou voete van so `n plek af**, want so `n plek is onwaardig om barmhartigheid uit te stort, behalwe dit wat op die diere van die veld en die woude uitgestort word. **Hier het julle dan julle riglyne vir julle toekomstige houding teenoor al daardie ongelowiges.**

[6] Maar ek maan julle om **self sterk in die geloof te bly,** want anders sal julle baie min uitrig vir My koninkryk! Moet julleself nie laat afdwaal deur allerhande soorte nuus wat julle binne `n paar jaar sal hoor vanaf Jerusalem aangaande My nie! Want daar sal ek oorhandig word aan die owerhede, en hulle sal hierdie liggaam van My doodmaak, maar Ek sal weer op die derde dag opstaan en daarna met julle wees **tot aan die einde van die wêreld!** Want daardie gebroedsel in Jerusalem sal slegs glo wanneer hulle oortuig is dat daar geen manier is om My dood te maak nie!

[7] En dan sal dit ook gebeur dat daar op verskillende plekke op aarde eiesinnige manne sal wees wat **die draers van hierdie Boodskap fisies sal doodmaak.** Maar juis hierdie moorde sal dan gelowiges maak van die eerstes, wanneer hulle sien dat diegene wat `n geestelike lewe vanuit My Woord lei, nie gedood kan word nie! Want hulle wat gedood is, sal af en toe verskyn aan hulle leerlinge en hulle in My weë leer!

[8] Maar vir die wie se harte verhard is, wêreldlinge wat of geen geloof het, of wat het, maar nietemin nie reageer op dit wat Geloof hulle leer nie, sal nie Ek of My leerlinge in staat wees om die nag van hul twyfel ten volle vanuit hul harte te verwyder nie. Maar as die einde van hul vlees oor hulle kom, sal hulle die boosheid smaak van hul ongelowigheid en die gevolge daarvan dra **deurdat hulle My lering nie met dade onderhou het nie**, terwyl hulle wat in My glo deur hul werke die dood nie sal voel of smaak nie.

9] Want wanneer Ek die deur van hierdie mense se vlees sal oopmaak, sal hulle uit hulle vlees uitstap soos gevangenes vanuit hul selle, wanneer die toegewendheid van hulle Meester hulle ontsluit het.

[10] Moet daarom nie ontsteld wees wanneer julle die een of ander ding van My hoor nie. Want hy wat in geloof verdra en **wat onwrikbaar in Geloof en Liefde bly tot aan die einde**, soos wat Ek leer en geleer het en altyd sal leer, sal saligheid bereik in die ewige koninkryk van die hemele, wat julle nou geopen bo julle sien, met My Engele wat neerdaal en opvaar!"